U3A STILBAAI
Nuusbrief Nr. 10 – April 2016

ALGEMENE VERGADERINGS (AV)

Die Algemene Vergaderings is die gereelde byeenkomste wat die laaste Maandag van elke maand om 09h30 in Die Waenhuis, Jagersbosch, gehou word.

Die AV van 28 Maart.

Na 28 Maart is ons almal baie meer bewus van hoe naby Suid Afrika aan die rand van die afgrond is. Prof Max Döckel het ons geboei met sy uitstekende voordrag oor die Suid-Afrikaanse ekonomie – dit was 'n insiggewende, leersame, en ook ietwat kommerwekkend, verslag van die huidige stand van ons ekonomie.

Die volgende Algemene Vergadering:

Maandag 25 April 2016 om 09h30 in Die Waenhuis, Jagersbosch

"A Trip to the Rock Churches of Eastern Ethiopia"
deur David Carter

Die 12de eeu rotskerke in oos Ethiopië is een van die meer interessante verskynsels op ons kontinent. David en Sal Carter woon op die ou geskiedkundige Zeekoegat plaas net buite Riversdal, en is albei lede van U3A Stilbaai. Ons sien uit na David se praatjie oor hierdie uitsonderlike deel van Afrika se geskiedenis, asook sy pragtige foto's.

Gaste en nie-lede is welkom om ons algemene vergaderings by te woon. U kan ook by enige algemene vergadering aansluit as lid; die huidige lidmaatskap koste is R30 per jaar, maar dit is net R10 tot die einde van ons finansiële jaar (einde Junie) as u by die volgende vergadering aansluit.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse word gereël vir kleiner groepe lede met gemeenskaplike belange. Die volgende kursusse is reeds óf aan die gang óf in beplanning:

- **Botaniese Kuns in Waterkleur** : Kunsklasse word deur Julie Wilson een keer 'n week gehou. U3A lede kan haar kontak op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Natuurwetenskap kursusse** : Niel van Wyk is die kursus koördineerder. Lede kan hom kontak op *nvanwyk@telkomsa.net*. Op die oomblik is ons in die proses om potensiële aanbieders te kontak – hulle sal tyd nodig hê om hul voordragte te reël.

- **Stapgroepe** : Cheryl Worth is die kursus koördineerder; sy reël staproetes en groepe wat pas by die fiksheid van lede. Tans is daar elke Vrydag oggend 'n staptog. Kontak haar op *cheryl@kmint.co.za*.
- **Leunstoel Reise** : Brian Tennett is die koördineerder, kontak hom op *travel@u3astilbaai.org* vir datums, tyd en lokaal.
- **Voëlkyk vir Beginners** : Johan van Rooyen reël hierdie 4-week kursus, hulle vergader een middag elke week vir 2 uur. Die kursus is tans vol, maar kontak Johan gerus by *rooyenvanjohan@gmail.com* as u belangstel in toekomstige kursusse.

WAT LÊ VOOR?

Dra by tot U3A Stilbaai se aktiwiteite. Ons vra lede om met hul eie belangstelling en vaardighede na vore te kom. Ons kan nie verwag dat die komitee uitsluitlik sprekers en deelnemers moet werf nie, en ons nooi almal om jul vaardighede met ons te kom deel.

Vir die **Natuurwetenskap kursusse** is ons in die proses om moontlike sprekers te kontak, maar ons versoek ook dat lede betrokke raak. Niel het verlede jaar 'n praatjie oor die Goukou Riviermonding gelewer, en praat binnekort oor die Stilbaai Duine. Sterrekunde het ook al 'n aantal belangstellendes, en Brian Tennett se voordrag sal interessant wees, al is dit net omdat hy sy eie teleskoop gebou het!

Leunstoel Reise offer interessante Blue-Ray dokumentêre programme en ook reis verhale van lede oor plekke wat u moontlik nog nie besoek het nie.

Lede wat belang stel in enige van die kursusse, of kan bydrae tot 'n kursus, kontak asseblief die Kursus Koördineerder.

Sprekers en onderwerpe vir komende AV's.

Sprekers en onderwerpe vir die volgende aantal Algemene Vergaderings word hier gelys. Alle sprekers is gevra om, indien moontlik, beide Engels en Afrikaans in hul voordragte te gebruik.

- Daan Toerien: *Besigheidsontwikkeling in die dorpe van die Gouritz Biosfeer Reservaat.* (30 Mei).
- Niel van Wyk: *Die Stilbaai Duine.* (27 Junie).
- Belinda Gordon: *The Anglo Boer War - the Colesberg Actions from November 1899 – March 1900*. (25 Julie).
- Roberto Anastagi: *Syria under the rule of Rome and during the Crusades.* (29 Augustus).
- Stefan Pretorius: *4 Trips in, and escape from – Iran*. (Datum later bepaal).

****